Die Kruisiging

En hulle skreeu weer:kruisig Hom!
Markus 15:13

Jesaja 52: 13 – 53:12.
Markus 15: 1- 20.

Die kruis is vandag vir ons ’n simbool van hoop, oorwinning, verlossing en innerlike krag, maar dit was nie altyd so nie. Daardie vreeslike Vrydagoggend toe mensehande vir Jesus gegryp het en op Golgota gekruisig het, was die bedoeling geensins dat daar eer uit sou vloei nie. Op Golgota het die kruis iets anders beteken. Dit was ’n poging om Jesus die grootste moontlike belediging en veragting aan te doen, want die kruisdood was die mees oneervolle dood wat enige mens kon sterf. Dit was ’n teregstelling wat net aan die wreedste misdadigers toegedien was. Die kruisdood was bedoel vir die uitgeworpenes en mees veragtelike van alle misdadigers.
Nogtans het Jesus die smadelike kruisweg gevolg, sodat ons vandag in stille eerbied, maar ook met ’n opregte blydskap, aan die voet van die kruis kan kniel. Die kruis is vir ons nou ’n simbool van hoop, van groot blydskap en verwagting, want daar het Jesus die dood en hel oorwin.
Kan ons ooit met ons sondige en beperkte verstand die diepte van Christus se lyding verstaan? Het ons volle begrip van wat daar gebeur het as ons sing van die kruis, die doringkroon? Die kruis van Jesus kan alleen vir my simbool van hoop word as ek iets verstaan van die diepte van Jesus se lyding en dit wat daartoe aanleiding gegee het dat Hy moes ly – en ja sekerlik ook die heerlike oorwinning waarin ek mag deel.

1. Die diepte van Jesus se lyding

Weerklink die smartlike kreet: “My God, my God, waarom het U my verlaat” nie nou nog oor die sondige wêreld nie? ’n Mens sidder as jy daaraan dink dat hierdie roepe, hierdie groot alleenheid, in werklikheid oor elkeen van ons se droë en gebarste lippe moes gekom het.
Jesaja beskryf die lyding van Jesus as Kneg van die Here so intens dat ’n mens wil wegskram van die verskriklikheid daarvan. Kyk ’n mens na die pyn en lyding oor die wêreld heen, hoe mense, oud en jonk, om die lewe gebring word of ’n aaklige hongerdood sterf en deur ongeneeslike siektes afgemaai word, dan is dit moeilik om te begryp dat dit nouliks met Jesus se lyding vergelyk kan word. Jesus se lyding en sterwe was egter baie erger, meer smadelik en smartlik as enigiets wat ons as mense ken of kan bedink. Daar is niks waarmee ons dit kan vergelyk nie.
Jesaja beskryf sy voorkoms as so misvormd dat Hy nie as mens herkenbaar was nie. Sy voorkoms was so misvormd dat niemand sy boodskap wou glo nie. Vir die wêreld was Jesus nie ’n aansienlike mens nie. Hy het geen voorkoms gehad dat mense sou begeer om hom te ken of selfs net in sy geselskap wou wees nie en hoegenaamd nie om Hom as Heer en Redder te erken nie. In Filippense 2:7 lees ons dat Jesus Homself ontledig het en die gestalte van ’n dienskneg aangeneem het. Hy het sy koninklike kleed uitgetrek en Homself soos ’n slaaf aangetrek om te dien. Hierin lyk Hy ook nie soos ’n koning wat op pad na die oorwinning is nie. Met sy geboorte in ’n stal tussen diere, arm en nederig, skep Hy geensins die gestalte van iemand in wie ’n mens kan glo of na opkyk as Heer en Verlosser nie.

Na hierdie ontlediging en vernedering, word Hy in alle opsigte, behalwe die sonde, gelyk aan die mens. Hy groei nie soos 'n koninklike plant uit die vrugbare aarde van 'n adellike tuin nie. Hy worstel soos 'n wortel deur die barre aarde, soos 'n woestynplant wat na die waterstrome hyg. Ook was hierdie nederige voorkoms en bestaan nie genoeg nie. Die Satan het Hom met helse woede aangeval, sodat ook sy eie mense hom gegryp, bespot en mishandel het en uiteindelik oorgegee het om gekruisig te word. In sy oomblikke van diepe smaad en lyding het selfs van sy getrouste dissipels Hom verraai.
Hy was inderdaad 'n man van smarte, bekend met krankheid en die ellende wat krankheid bring. Al hierdie dinge het Hy ervaar as deel van sy aardse lewe. Die krankheid waarna verwys word, is in hierdie geval nie 'n lang siekbed of ernstige siekte nie; dit wys na die verwonding wat die smart veroorsaak het, na die innerlike pyn en die uitstorting van die helse woede op Hom.
Maar veel erger het gevolg. Terwyl Jesus aan die kruis gehang het, het die mense hom veragtelike dinge toegesnou en die spot met Hom gedryf omdat hulle daarvan oortuig was dat hy dit alles verdien het. O, oomblik van helse dwaasheid van mense! Hy, Jesus die sondelose, het in die wêreld ingekom om troos en liefde te bring, om hulp aan die swakkes te bring en die moedelose op te rig. Die mense kyk egter na Hom as iemand wat deur God getref is met die plaag, met die allerafskuwelikste pessiektes en die mense geniet dit oënskynlik.
Die kruis op Golgota was daardie vreeslike dag nie 'n teken van redding nie, maar 'n teken van die grootste minagting wat aan 'n mens betoon kon word. Hy was behandel soos 'n gevaarlike en veragtelike misdadiger wat die eerlose kruisdood verdien het. Ja, al die pyn en smaad van die wêreld was op Hom uitgestort.

2. Waarom die vreeslike lyding?

Deur al hierdie oomblikke van verskriklike smaad en pyn, kom Hy, die onskuldige, nie in verset nie. Hy was soos 'n lam wat ter slagting gelei is en van die lewendes afgesny is. Ook nog word Hy 'n graf gegee by die goddelose. Geen woord van protes of verset oor sy lippe nie, Hy sterf aan die kruis alleen en verlate!
Waarom, wil 'n mens uitroep, waarom die onbillike lyding en veragting? Is dit reg dat 'n onskuldige mens soveel pyn, lyding en veragting moes verduur? Waarom moes die plaag uit die hel Hom tref? Jesaja gee vir ons die antwoord in Jesaja 53:4: "Nogtans het Hy ons krankhede op Hom geneem - ons smarte, die het Hy gedra". Dit was ter wille van ons ongeregtighede, ter wille van ons genesing.
O, wat 'n ondraaglike gedagte! Dit was alles my skuld, dit was my pyn, my smaad, my plaag wat oor Hom gekom het. Dit was my misvorming wat veroorsaak het dat die mense Hom nie wou aanskou nie, hulle gesigte weggedraai het en Hom die smadelike hou toegedien het. Maar ten spyte van dit alles, het Hy voortgegaan om sonder verset en verwyt dit alles te verdra. Alhoewel ons sonde die straf ondraaglik gemaak het, en alhoewel ons selfs gesê het dat Hy dit verdien, het Hy dit alles gely – ter wille van ons gely!
Dit is asof Jesus 'n dubbele lyding gehad het – aan die een kant die verskriklike straf oor sonde en aan die ander kant die mishandeling en smaad van die mens vir wie Hy dit gely het.
Die feit dat hy ons krankhede op Hom geneem het, beteken dat Hy die siekte, die wonde en pyn namens ons gedra het sodat ons genees kon word. Hy het ook die straf wat op ons oortredinge gefel moes word, op Hom geneem. So moes ons gelyk het, soos iemand deur die pes getref soos Psalm 38 ons ellendige toestand vergelyk het met die allerellendigste siektetoestand. In vers 6 word dit so beskryf: "My wonde stink, hulle dra vanweë my

dwaasheid" en vers 8: "daar is geen plek heel in my vlees nie" en vers 12: "Die wat my lief het en my vriende is, staan opsy vir my kwaal, en my naasbestaandes het ver gaan staan."
Die sonde maak n mens so afgryslik dat jy soos iemand word wat n pessiekte het, iemand wat vermy moet word, wat n slegte reuk afgee. So lyk ons vanweë ons sondes, maar dan is dit nie sonde wat ons soos 'n noodlot tref nie, nee, die mens kies om sonde te doen. Die mens, u en ek, is moedswillig in die verbreking van die Here se wet. Ons doen dit van nature.
Jesaja 53 vers 6: "Ons almal het gedwaal soos skape, ons het elkeen sy eie pad geloop."
Die mense wat na God se beeld geskape is, het geword soos kleinvee wat ronddwaal in die veld, sonder rigting, sonder doel.
Alle mense deel in hierdie ellendige toestand, niemand kan daarvan ontvlug nie. Daarom is dit so nutteloos vir die mens om sy eie lewensreëls daar te stel. Almal is mense soos deur 'n plaag getref. Daar word vreeslik baie tyd en aandag bestee aan menseregte - so asof die mens verdien om in voorspoed en geluk te deel. Nee, die mens het alle regte met die sondeval verloor en het nie meer 'n aanspraak op enigiets behalwe die ellende en straf wat hy verdien nie.
Kyk na jouself, vra jouself af: Hoe lyk ek in God se oë? Ons het almal, ja almal sonder uitsondering, moedswillig gerebelleer teen God. Ons het die grense deur God daargestel verbreek, maar nogtans het Hy, die Kneg van die Here, ons krankhede op Hom geneem en ons smarte gedra. In ons plek het Hy hierdie dinge gedra.

3. Genesing deur Lyding.

Deur sy pynlike dood aan die kruis het daar vir ons genesing gekom. Die sonde wat soos 'n aaklige pessiekte aan my gekleef het, is genees. Dit was om my oortredinge en krankhede weg te neem dat Hy daardie vreeslike dood gesterf het. Ja, my smarte het Hy gedra, tot aan die uiterste gedra. Die leegheid en die eensaamheid van die uitgeworpene, die een met die pes besmet, sal ek nie ken nie, want Jesus het dit alles weggeneem.
Genesing beteken dat ek nou met vrymoedigheid aan die voet van die kruis kan gaan kniel en my sonde bely met die wete dat daar vergifnis is. Die Here sal my nie verwerp nie, want Jesus Christus se bloed het my skoon gewas. Nou is daar weer hoop vir ons wat vervreemd was van God. Jesus se kruisdood bied aan ons weer nuwe lewe, gereinigde lewe, lewe wat God die Vader behaag!
Kyk ons nou na die kruis, dan sien ons nie meer 'n bespotte en veragtelike mens wat sterf nie, maar ons sien die wonderbare offer van Jesus Christus ter wille van sondige mense. Nou kry die kruis nuwe waarde. Nou verstaan ons die genesende, helende krag wat uit die kruis straal beter, want dit wys na Jesus, die grootste Geneser van alle tye. Nou kan ons weer moed skep in 'n wêreld waar geweld en korrupsie botoon voer. Ons kan opkyk na die kruis en in die kruis die oorwinning van Jesus sien.
Dit is waar dat die daaglikse lewe nog gevul word met onaangename voorvalle, dat ons soms nog moedeloos word as die wêreld wreed en onregverdig met ons handel. Dit is ook waar dat daar nog diegene is wat die gekruisigde Jesus verwerp, maar ons wat genesing ervaar het, weet dat daar 'n diepe en wonderlike vrede op ons wag, 'n vrede waarvan ons nou al kan getuig, omdat ons wandel in die lig van die kruis waar daar nuwe hoop en krag is.
Wat beteken die kruis vir jou? Is dit simbool van die liefde van Christus? Kom nou en buig aan die voet van die kruis waar genade op genade vir jou wag.
Amen

Ds Freddie Burger April 2007